

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE MISLEIDING VAN KERSFEES

Nota:

Omrede hierdie artikel meesal aan mense gestuur word wat nog vasgevang is in die kersfeestradisie, gebruik ek die "Name" (titels) van God waarmee die meerderheid Christene bekend is, naamlik: *God, die HERE* en *Jesus Christus*. Ek wil die leser egter daarop wys dat hierdie nie die ware Name van God is nie. Die Naam van God die Almagtige word in Hebreeus geskryf as יהוה en getranslitereer as YHVH (Yahuah). Hierdie Naam word meer as 7 000 keer in die Skrifte (Bybel) gebruik, maar word as *die HERE* vertaal. Die Messias se ware naam is Yeshua – in Hebreeus geskryf as ישוע – Yeshua Messias (Die Gesalfde Een).

*Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleeed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? **Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?** Spr. 30:4.*

Hierdie skrywe se doel is nie om mense te oordeel nie, maar 'n poging om die waarheid bekend te maak. Ek respekteer die siening van elkeen wat besluit om steeds Kersfees te vier. Hierdie is 'n saak waarvoor elkeen self moet besluit.

Inleiding

Is Kersfees regtig 'n Christenfees? Bring ons eer aan Jesus Christus deur die viering van Kersfees? Min Christene het nog ooit die moeite gedoen om die antwoord op hierdie vrae te kry. Talle mense het groot geword met die herdenking van die 25 Desember as die geboortedag van Jesus Christus en aanvaar dat dit volgens die Bybel korrek is en derhalwe God se goedkeuring het. Wat is egter die waarheid?

Hierdie vrae moet in die lig van die volgende Skrifte beantwoord word:

En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie; Jy moet daar heeltemal 'n afsku van hê en dit geheel en al as 'n gruwel beskou; want dit is onder die banvloek – Deut. 7:26.

As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstriek word nadat hulle voor jou uit verdolg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? —dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie – Deut. 12:29 tot 32.

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en

onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige – 2 Kor. 6:16 tot 18.

Lees ook Deut. 18:9 tot 14; Jak. 4:4 en 2 Kor. 11:2 tot 4 in die verband.

Volgens bogenoemde Skrifte is die opdrag van Vader-God baie duidelik, naamlik: Ons mag geen verbintenis of deelname aan afgodery hê nie! Talle van ons gebruike en tradisies het egter 'n afgode oorsprong en verbintenis. Die viering van Kersfees is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Die volgende is 'n skokkende feit: Die viering van Kersfees op die 25 Desember, asook die meeste gebruike en tradisies wat daarmee gepaardgaan, het niks met Jesus Christus te doen nie. Die oorsprong is afgodery wat voor die geboorte van Jesus Christus beoefen was en wat jare na die geboorte, kruisiging, opstanding en hemelvaart van Jesus 'n Christenkarakter deur hoofsaaklik die Roomse Kerk gegee is.

Talle mense wil nie hierdie waarheid hoor nie. Jare se tradisionele viering van Kersfees het hulle vir die waarheid verblind. Onwilligheid om te glo dat ons voorvaders en geestelike leiers kon fouteer, is vir baie genoegsame rede om voort te gaan met die viering van Kersfees.

Eie siening, emosies en redenasies moet egter nooit 'n plaasvervanger vir die waarheid word nie. In heilige ontsag vir God en Sy Woord moet ons strew na die waarheid. Hierdie waarheid is slegs in God se Woord te vinde. Daarom moet ons versigtig wees vir die oorlewering en leerstellings van mense (Kol. 2:8; Matt. 15:1 tot 9) en slegs die Woord van God gebruik om ons in die waarheid te onderrig (2 Tim. 3:16 en 17).

Wil jy God of mense behaag? Die wat verkies om eerder mense te behaag, is nie 'n dienskneg van God nie (Gal 1:10). Laat ons kennis neem van Jesus se woorde in Luk. 6:46: *En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?*

Indien ons iets tot eer van God doen, soos om 'n fees vir hom te hou, dan behoort ons die opdrag in God se Woord te vind, sodat ons die Woord kan gebruik om ons te onderrig hoe om dit te doen. Indien dit nie in die Woord is nie, is dit nie van God nie. Al die feeste wat deur God ingestel is, bevat die betekenis van die fees, asook die riglyne hoe om die fees te vier en die gebeurtenis te gedenk.

Dit is ook 'n feit dat indien die wêreld gaande is oor 'n godsdienstige gebruik of saak, kan jy seker wees dat dit nie van God die Vader afkomstig is nie. Kersfees is wêreldwyd die vakansie hoogtepunt van die jaar waar die oorgrote menigte hulleself op ekonomiese en sosiale gebied te buite gaan. Dit is nie die Gees van God nie, maar wel die gees van die een wat teen God is.

Indien jy begeer om opreg en gehoorsaam in jou verhouding met God te wees, behoort jy die volgende vrae te vra en duidelikheid daarvoor te kry:

- ✦ Is die 25 Desember die geboortedag van Jesus Christus? Indien nie, waarom herdenk ons dit dan as die geboortedag van ons Verlosser en Koning?
- ✦ Is die herdenking van die geboorte van Jesus Christus deel van die feestye wat deur God ingestel is? Indien nie, hoekom vier ons dit dan?

- ✧ Waar kom die naam Kersfees vandaan en wat beteken dit?
- ✧ Waar kom Kersvader vandaan en wie is hy nou werklik?
- ✧ Wat het Kersvader, die kersboom, liggies en gee van geskenke met Jesus Christus te doen?
- ✧ Wat is die oorsprong van die gee van geskenke, die kersfeesboom, die kersmaaltyd en van die talle ander gebruike en tradisies van Kersfees?
- ✧ Word God deur die viering van Kersfees vereer?

Om alle hierdie vrae breedvoerig te beantwoord, sal baie bladsye in beslag neem. Gevolglik sal slegs gepoog word om die belangrikste feite kortliks in hierdie artikel weer te gee.

Die Geboortedatum Van Jesus Christus

Geskiedkundiges en Bybelkenners is dit eens dat Jesus Christus nie gedurende Desember gebore is nie. Luk. 2:1 tot 11 bevestig dit in vers 8, naamlik:

En daar was herders in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.

In die Noordelike halfrond is Desember die middel van die winter. Die skaapherders het nie gedurende die wintermaande saam met hulle skape in die oop veld oornag nie. Desember is dus nie die geboortemaand van Jesus Christus nie.

Die presiese geboortedatum van Jesus is onbekend. Daar is geen Skrif in die Bybel wat vir ons hierdie inligting gee nie. Indien die geboortedatum van Jesus Christus egter belangrik is, dan sou ons dit in die Bybel kon vind. Jesus het nie die disippels geleer om Sy geboortedag te herdenk nie, maar wel om Sy kruisiging en opstanding gereeld te herdenk. Dit doen ons dan ook by wyse van die viering van die Paasfees.

Die meerderheid kenners is dit eens dat Jesus gedurende laat somer of vroeë herfs van die Noordelike halfrond gebore was – ongeveer ses maande na die viering van Pasga. Jesus die Messias is gedurende laat September tot vroeg Oktober gebore en daar is geboegsame bewys dat dit op die Fees van Trompette (Lev. 23:24 en 25) was.

Daar is geen verwysing in die Bybel dat die vroeë kerk Kersfees gevier het nie. Jesus het nie sy dissipels van Kersfees geleer nie. In Levetikus 23 word die Feestyte wat deur God ingestel is beskryf en ons moet wel hiervan kennis neem; veral hoe dit op die nuwe testamentiese gelowige van toepassing is en gevier behoort te word. Hierdie feeste was byeenkomste (afsprake) met die doel om God op `n baie spesiale wyse te ontmoet en Sy seën te ontvang. Die doel van hierdie feeste is `n herdenking van wat God reeds gedoen het, maar bevat ook `n heenwysing na `n groter geestelike waarheid van wat God nog sal doen.

Die feit dat daar geen Bybelse opdrag is om die geboortedag van Jesus Christus te herdenk nie, en aangesien Jesus nie in Desember gebore is nie, is genoeg rede om die viering van Kersfees, veral op die 25 Desember, te bevraagteken. Hierdie fees is nie deur God ingestel nie, maar wel deur mense.

Waarom word die geboorte van Jesus, ons Verlosser en Koning, dan op die 25 Desember herdenk?

Geskiedkundige Agtergrond En Die Ontstaan Van Kersfees

Die begin van alle afgodery kan teruggevoer word na die Babiloniese tydperk. Dit het die grondslag gelê vir alle afgodery wat dwarsoor die aarde versprei het. Kersfees se oorsprong kan ook teruggevoer word na die Babiloniese godsdiens. Die groot hoer van Babilon (Open. 17:4 en 5) is verantwoordelik vir die uiteindelijke vestiging van hierdie fees as 'n sogenaamde Christenfees.

Daarom verwys die Bybel na Babilon as daar van geestelike misleiding (afgodediens) gepraat word. Geestelike dwaling of misleiding staan bekend as hoerery. Babilon staan derhalwe bekend as "*die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde*" (Open. 17:5).

Ons lees ondermeer ook in Jes. 1:21 die volgende:

Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag – en nou moordenaars!

Kortliks kan die geskiedenis soos volg opgesom word: Noag het drie seuns gehad, naamlik: Sem, Gam en Jafet. Gam het na die sondvloed sy rug op God gekeer. Hy het 'n seun gehad met die naam Kus (Gen. 10:6) wat beteken "die Swarte". Dit het egter niks met velkleur te doen gehad nie, maar wel met die feit dat hy al verder van God se lig af beweeg het en dus al meer in geestelike duisternis verval het.

Kus was ook die vader van Nimrod en hy was "die begin om 'n gewelddoener op aarde te wees" ('n maghebber). Hy was ook 'n magtige jagter (Gen. 10:8 en 9). Hy en sy volgelinge het al verder afgewyk van die weë van God.

Nimrod het die stad Babilon gebou (Gen. 10:10), asook die toring van Babel (Open. 11:1 tot 9). Hy het 'n regering- en godsdiensstelsel daargestel wat die plaasvervanger was vir 'n gehoorsame verhouding met, en in afhanklikheid van, die ware Lewende God. Nimrod en sy volgelinge het teen God gerebelleer.

Nimrod het getrou met Semiramis wat 'n seun met die naam Tammus gehad het.

As hoof van die Babiloniese godsdiens was 'n Opperpriester aangestel wat se woord wet was. Semiramis was die eerste Opperpriester. Sy het 'n afgodediens daargestel waar sy die hoëpriester was en waar sy en haar seun aanbid moes word. Semiramis was die hemelkoningin en haar seun Tammus die songod. Dit was die begin van die moeder-kind dwaalleer (kultus) waarvan die moeder met die kind in haar arms die simbool is.

Lank voor die geboorte van Jesus Christus het volke van die Noordelike halfrond feeste gehou wat die koms van somer (en die nuwe jaar) gevier het. Hierdie feeste was grootliks toegewy aan die songod en die god van landbou, terwyl die moeder-kind aanbidding ook sentraal tot hierdie afgodery was. By die verskillende volke, en binne die verskillende kulture, het hierdie afgode onder verskillende name bekend gestaan en was hierdie feeste op verskillende wyses gevier.

Hierdie feeste het saamgeval met die sonkeerpunt wat in daardie jare gereken was as op die 25 Desember. Vandag weet ons egter dat die sonkeerpunt die 21

Desember is. Die doel van hierdie fees was om die songod te verwelkom, of om sy oorwinning oor die winter te vier, of om sy geboorte te vier en om die gode van die toekomstige oes te vereer. Hierdie feeste het oor enkele dae (gewoonlik 12) gestrek, maar die 25 Desember was gewoonlik die hoogtepunt van die feeste.

Kenmerkend van hierdie feeste was ondermeer die volgende:

- ✦ Die bring van `n menslike offer.
- ✦ Seksuele losbandigheid.
- ✦ Brassery en fuifery.
- ✦ Gee van geskenke.
- ✦ Versiering van die immergroen boom (simbolies van lewe en voortplanting).
- ✦ Brand van kerse om die koms van die songod aan te moedig.
- ✦ Die sing van liedere in die strate.
- ✦ Die versiering van huise met steekbessie ("Holly berry") en voënt ("Misseltoe") (beide simbole van fertiliteit).
- ✦ Die eet en offer van beskuitjies (soetkoekies) in die vorm van `n mens (die gemmerbrood mannetjie).

Die bekendste van hierdie feeste, en die een wat die grootste invloed gehad het op die wyse wat Kersfees tans gevier word, en derhalwe op die Kerk van Christus, was die fees van Saturnalia. Hierdie afgodsfees, in aanbidding van Saturnus (god van saai of landbou, ook bekend as die god van vuur) en Mitras (songod), was reeds lank voor die geboorte van Jesus Christus deur die Romeine gevier. Tydens Jesus Christus se aardse wandel het die Romeinse Ryk `n feestyd gehou wat op die 13 Desember begin het en waartydens verskillende gode vereer was. Die feestydperk het `n hoogtepunt op die 25 Desember bereik wanneer hulle die geboorte van "die onoorwinnelike son" herdenk het.

Toe Babilon deur die Romeine vernietig was, was die hoofkwartier van die Babiloniese godsdiens na Pergamus verskuif. In Open. 2:13 word Pergamus beskryf as "die troon van die satan" en "waar die satan woon". Babilon was dus aanvanklik die hoofkwartier van Satan, maar mettertyd is dit na Pergamus en later na Rome verskuif.

Met die afsterwe van Attalus, die Opperpriester en koning van Pergamus, in 133 vC het hy die hoofskap van die Babiloniese priesterorde aan Rome bemaak. Die Babiloniese godsdiens het sodanig houvas op die Romeinse Ryk verkry dat Julius Ceasar in 63 vC aangestel is as die "Opperbevelhebber" ("Supreme Pontiff") van die Babiloniese Orde. Die Romeinse keisers was dus voortaan beide staatshoof en geestelike hoof van die Babiloniese godsdiens.

Keiser Konstantyn het in 312 nC die kerk van Christus as die staatskerk verklaar en op die wyse die vervolging van Christene beëindig. Hy het die sogenaamde, en selfaangestelde, "beskermer van die Christengeloof" geword. Die Romeinse staat het dus uiteindelik die hoof van die Babiloniese godsdiens, sowel as die hoof van die Christenkerk geword. Gevolglik het die Christenkerk geestelik agteruit gegaan en geestelik kragteloos geword. Die oorgrote meerderheid van die bevolking was

egter steeds deel van die Babiloniese godsdiens en hulle gebruike en feeste het steeds in Rome voortgegaan.

Keiser Gratian het in 376 nC om Christelike redes geweier om as geestelike hoof van die Babiloniese godsdiens op te tree. Biskop Damaskus van die kerk in Rome is toe in 378 nC tot hierdie amp verkies. Op die wyse is die Babiloniese godsdiens en die Christenkerk in Rome verenig.

Die staat het ook geld aan die kerk voorsien en baie van die heidense tempels is deur Christene oorgeneem as "kerkgeboue". Om die Keiser se guns te behou, het Christen geestelike leiers sommige van die heidense gebruike "ver-Christen" en dit as leerstellings verkondig. In die daaropvolgende drie eeue is talle heidense gebruike die kerk van Christus ingebring. `n Gruwelike vermenging tussen die Christenkerk en die moeder-kind afgodsdiens het gevolg.

Gedurende die vierde eeu nC het die Roomse Kerk die fees van Saturnalia as deel van die Christenfeeste herken. Hiermee is gehoop dat die ongelowiges na die kerk sou stroom en daar op die wyse deur die kerk die beheer oor mense verkry sou word. Omrede daar niks "Christelik" aan die fees was nie, het Pous Julius 1 in 350 nC die laaste dag van hierdie fees, naamlik 25 Desember as die geboortedag van Jesus Christus verklaar. Die gebruike van hierdie fees, soos die immergroen boom, gee van geskenke, ensovoorts, is ook `n Christenkarakter gegee. Op hierdie wyse het die Roomse Kerk `n heidenfees `n Christelike karakter gegee en ook die heidene binne die kerk tevrede gestel. Vermenging van die Christengeloof en heidense praktyke het plaasgevind en die viering van Kersfees as die geboortedag van Jesus het ontstaan.

Deur die eeue was daar wel pogings om die viering van Kersfees as heidens en `n gruwel in God se oë te verklaar. So byvoorbeeld het talle ware gelowiges aanvanklik geweier om die 25 Desember as die geboortedag van Jesus Christus te herken of te vier. In 1643 was daar selfs wetgewing wat die viering van Kersfees in Engeland verbied het. Soortgelyke wetgewing was aanvanklik in sekere dele van die VSA ook van toepassing.

Kersgeskenke En Kersvader

Die gee van geskenke het sy ontstaan tydens die Romeinse tydperk voor Christus gehad toe die gepeupel gedwing was om offerhandes en geskenke tydens die fees van Saturnalia aan die Keiser te gee. Later het die gebruik ontstaan dat die hele bevolking geskenke aan mekaar gegee het.

Die Roomse Kerk het dit toe `n Christelike gebruik gemaak deur te sê dit is `n voortsetting van die gebruik van Biskop Nikolaas (Gebore in Turkye in 270 nC en sterf in 345 nC. Hy was eers in die 19 eeu as heilige verklaar). Hy was biskop van Myra en was bekend om vir die armes geskenke te gee. Die geskiedenis het kortliks soos volg verloop:

- ❖ In 1087 is Nikolaas se beendere na Bari in Italië deur sy "volgelingen" geneem. Daar het die gebruik ontstaan om geskenke aan mekaar te gee ter herdenking van die afsterwe van Biskop Nikolaas op die 6 Desember.
- ❖ Die "Nikolaas-kultus" het verder in Europa, veral in Duitsland, versprei. Hierdie groepe het hemelgode aanbid waarvan Woden die hoofgod was. Volgens oorlewering het Woden `n lang wit baard gehad en het hy op `n wit perd deur die hemelruim op `n bepaalde dag gedurende herfs gery. Met tyd is die god Woden met Nikolaas vervang. So het Nikolaas `n wit baard gekry, en

warm winterklere gedra en op 'n wit perd gery om op die 6 Desember vir almal geskenke te bring.

- ❖ Ten einde hierdie kultus deel van die Roomse Kerk te maak is die gee van geskenke op die 25 Desember (nie meer op die 6 Desember nie) deur die kerk goedgekeur aangesien dit dan die gebruik van die Heilige Nikolaas sou gewees het.
- ❖ Die Heilige Nikolaas (Saint Nicolas) het in 1820 bekend geword as "Santa Claus" (Kersvader) op grond van 'n satiere ("The Knickerbocker Tales") wat deur Irving Washington geskryf is en wat gebaseer was op sekere Hollandse gebruike en tradisies ten opsigte van Sinterklaas en Swarte Piet – albei ook van afgodery oorsprong.
- ❖ Dr Clement Moore, 'n professor van teologie, het in 1822 'n gedig geskryf (*A Visit from Saint Nicholas* wat later hernoem is as *'Twas the night before Christmas*) waar Hy Santa Claus (Kersvader) beskryf as die een wat geskenke op Kersfees bring. Hy kom deur die hemelruim met 'n slee wat deur agt takbokke getrek word, klim dan deur die skoorsteen en plaas die geskenke in die kouse van die kinders.
- ❖ In 1862 tot 1866 het Thomas Nast van die *Harpers Weekly* strokiesprente geteken van Kersvader. Hy het aan Kersvader die eienskappe van 'n vriendelike "vet omie" gegee en nie as die streng Heilige Nikolaas wat tot op daardie stadium voorgehou was nie. Hy het ook aan Kersvader 'n huis in die Noordpool "gegee".
- ❖ In 1931 het die Coca-Cola maatskappy die Sweedse kommersiële kunstenaar, Haddon Sundblom, gekontrakteer om 'n Kersvader te skep wat in rooi getooi is en Coca-Cola drink. Dit was die laaste stap in die skep van Kersvader met sy wit baard en rooi klere wat op 'n takbokslee deur die hemelruim ry.
- ❖ In 1941 is die lied *Rudolph the red-nosed reindeer* gekomponeer wat deur die sanger Gene Autry bekend gemaak is.

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat hoewel die oorsprong van Kersfees teruggevoer kan word na die Babiloniese afgodsdienste, is dit maar eers vir ongeveer die afgelope honderd jaar wat die viering van Kersfees 'n groot kommersiële sukses geword het. Opvallend van Kersfees is die feit dat mense wat gedurende die jaar Jesus Christus op soveel wyses verloën, wel op Kersdag 'n ophef van die Koning van alle konings maak en dan allerhande afgode gebruike daarmee vereenselwig.

Die moderne Kersfees is sekerlik een van die grootste kommersiële suksesstories van die wêreld. Kersfees, Kersvader, die kersfeesboom en, ja, selfs Jesus het 'n suksesvolle "handelsmerk" geword wat maatskappye gebruik om topverkope vir die jaar te bereik. Dit is die tyd wat die oorgrote meerderheid van die wêreldbevolking 'n afgodsfees hou waaraan 'n Christenkarakter gegee is.

Talle mense regverdig die gee van geskenke op grond van die wysemanne wat geskenke aan Jesus gegee het. Hulle verloor egter uit die oog dat die wysemanne nie geskenke gebring het om Jesus se geboorte te herdenk nie, maar wel omrede dit die gebruik van daardie tyd was om geskenke aan 'n koning te gee. Verder is dit ook 'n feit dat Jesus reeds ouer as een jaar was by die tyd wat die wyse manne by Hom aangekom het. Geskenke is aan Jesus gegee en nie vir mekaar nie. Die gee van geskenke vir mekaar is dus nie Bybels nie, maar wel van heidense oorsprong.

Die Woord Kersfees

Die woord *Christmas* (in Arikaans verwys ons na Kersfees) is afgelei van die Katolieke gebruik van *Christ-Mass*, met ander woorde die Christus-Mis wat gehou word. Hierdie term (*Christmas*) beskryf dus 'n katolieke instelling en ritueel.

Die betekenis van *Christ* (Christus) is *die Gesalfde* en is afkomstig van die Griekse Woord *Khristos*. Die woord *Mass* beteken *dood deur offerhande* ("death by sacrifice"). Daarom glo die Katolieke dat Jesus telkens weer geoffer word tydens die Christus-Mis. Die letterlike betekenis van die Christus-Mis (*Christ-Mass*) is dus die *die dood van die Gesalfde (Jesus Christus) deur offhande* ("death of the Anointed by sacrifice"). Telkens wanneer mense mekaar 'n *Merry Christmas* toewens, sê hulle dus inderwaarheid: *A merry death of Jesus the Anointed* ('n vrolike dood van Jesus die Gesalfde). Wat is so vrolik aan die dood van Jesus Christus? Dan sien ons by herhaling 'n Vader Kersfees wat uitroep: *Ho ho ho, a merry Christmas!* Hierdie is niks anders as Godlasterlik nie en is sekerlik 'n gruwel in die oë van God die Almagtige.

Die Katolieke glo dat tydens die bediening van die Christus-Mis word Jesus Christus weer geoffer en dat die brood werklik die vlees van Jesus word en die wyn werklik in bloed verander. Deur van hierdie *vlees* te eet en hierdie *bloed* te drink ontvang die priester vergifnis vir die sondes van die lewendes en die dooies.

In Afrikaanse wens ons mekaar 'n geseënde Kersfees toe. Op die wyse versag ons die betekenis van *Merry Christmas*, maar die dieperliggende godlasterlike boodskap bly egter dieselfde!

Nota: Tydens die reformasie is talle van die gebruike van die Katolieke Kerk behou en is dit net 'n meer gereformeerde karakter gegee. So is die Christus-Mis byvoorbeeld vervang met 'n kerkdienste om die geboorte van Jesus te vier.

Die Kersfeesboom

Wat het 'n Kersfeesboom en al die versiersels met die geboorte van Jesus Christus te doen? Waarskynlik sal die meeste mense weet dat dit niks met Christus te doen het nie. Nogtans is dit deel van ons Kersfeesvieringe! Waar het hierdie gebruik dan ontstaan?

Reeds eeue gelede is die immergroenboom, veral in die Noordelike halfrond, deur heidene aanbid as die simbool van lewe, vrugbaarheid en voortplanting. 'n Immergroenboom is gedurende die wintermaande in die huis ingebring, versier en aanbid in die geloof dat dit verhoogde viriliteit en nuwe lewe sal meebring. Daarom is die boom in die regop posisie volgens talle kulture beskou as 'n afbeelding van die manlike geslagsorgaan. Al ooit gewonder hoekom word die boom onder andere met ronde balle versier? Afstootlik inderdaad!! Wanneer die kersgeskenke onder die boom geplaas word of geneem word, word daar inderwaarheid voor die boom gebuig! In die lig hiervan sal die volgende Skrif se betekenis duidelik wees:

Hoor die woord wat die Here oor julle gespreek het, o huis van Israel! So sê die Here: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemele, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hammers, dat dit nie waggel nie. Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle

moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie – Jer. 10:1 tot 5.

Opsomming En Gevolgtrekking

Kersfees, Kersvader, die Kersfeesboom, die gee van geskenke en talle gebruike tydens Kersfees is dus niks anders as `n mengsel van afgodery, Christelike misleiding en kommersiële winsgejag. Dit het niks met Jesus Christus, en allermins met die geboorte van ons Verlosser en Koning, te doen. Die gebruike en tradisies wat daarmee gepaardgaan is heidens.

Dikwels word `n oproep op Christene gedoen om Jesus Christus terug in Kersfees te sit. Mense word aangemoedig om dit `n ware Chrisusfees te maak. Hoe kan ons Christus terugbring in Kersfees indien ons Verlosser en Koning nooit deel van Kersfees was nie? Dit is soos om `n appel oranje te verf en te sê dit is `n lemoen. Dit kan wel soos `n lemoen lyk, maar as jy dit eet gaan jy weet dit is `n appel. Die viering van Kersfees is heidens en het sy oorsprong in afgodediens!!

Om Kersfees te vier, is soos om vreemde vuur aan God te offer (Lev. 10:1 tot 3). Hierdie vreemde vuur is die ontheiliging van dit wat by God heilig is. Die navolging van die oorleweringe en tradisies wat God nie vereer nie, maak God se gebod kragteloos. Dit help nie ons vereer God met ons woorde nie, maar intussen is ons hart nie een met die van God nie (Matt. 15:6 tot 8).

Kan ons as Christene onself regverdig deur te sê dat ons niks met die oorsprong van Kersfees te doen het nie, maar dat ons dit bloot as `n Christenfees vier? Onthou egter die volgende: Goeie bedoelings kanselleer nie ongehoorsaamheid nie. Jy kan opreg in jou bedoelings wees, maar jy kan opreg verkeerd wees en sondig. Hierdie les het Saul geleer nadat hy die Amalekiete verslaan het. Sy goeie bedoelings met die offerande van dit wat God met die banvloek getref het, het hom sy koningskap gekos. God vereis allereers gehoorsaamheid (1 Sam. 15:21 tot 23). Volgens hierdie Skrif beskou God ongehoorsaamheid as sonde gelykstaande aan waarsêery en afgodediens.

God die Vader vereis totale gehoorsaamheid. Ons kan nie die ware lewende God, asook afgode dien nie.

Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie! – Matt. 6:24.

Die sogenaamde Kersfeesgees is `n wêreldgesinde gees van ongekende losbandigheid met rekordverkope in geskenke, voedsel en drank en waar aanrandings, verkragtings, kindermishandeling, selfmoord en motorongelukke weens drankmisbruik en ander sosiale wanpraktyke hoogty vier. Statisties is dit bewys dat die meeste kerke se inkomste gedurende Januarie en Februarie daal vanweë mense se oorspandering tydens die Kersseisoen.

Satan het daarin geslaag om Jesus Christus as `n hulpelose babatjie in `n krip voor te stel en Hom daar "te hou". Die woord van God sê egter die teendeel, naamlik dat Jesus as die Getroue en Waaragtige en Koning die oorwinning oor al sy vyande sal behaal (Open. 19:11 tot 13). Wedergebore kinders van God die Vader moet die opgestane Jesus Christus vereer. Hy het die oorwinning aan die kruis behaal en nie as `n babatjie in `n krip nie.

Dan het Satan ook daarin geslaag om die ware Name van God en Sy Seun van Christene te weerhou. Dit het bygedra dat Christene makliker deur afgodery, soos Kersfees, mislei word. Talle Christene het wel opregte ywer vir God, maar hulle ken nie die geregtigheid van die ware Lewende God nie, want hulle het hulle eie geregtigheid opgerig (Rom. 10:3). Hulle soek nie God se geregtigheid nie (Matt. 6:33).

Daar is 'n toenemende stryd wat die sekulêre wêreld met Christene voer oor die viering van Kersfees as Christenfees. Die dryf van die wêreldgesindes is om Christus uit Kersfees uit te haal en dit 'n *neutrale fees* te maak waarmee almal, heidenen en Christen, kan identifiseer.

Soos volgens hierdie skrywe gesien kan word was Jesus nooit deel van Kersfees gewees nie. Waarom dan met die sekulêre wêreld hieroor baklei? Dit is nou soos die gesegde lui: Twee honde wat oor 'n kaal been baklei. Dink aan die boodskap wat miljoene Christene die wêreld kan instuur deur Kersfees te boikot en te sê: Dit is nie 'n Christenfees nie; ons maak ons los hiervan! Dit is miljoene mense se geld wat nie aan geskenke, kos, drank en versierings spandeer gaan word nie. Dink aan wat die gevolg sal wees indien al hierdie geld eerder aan die uitbreiding van God se koninkryk spandeer sou word! Die sekulêre wêreld sal die Christenboodskap kry wanneer hulle geldkoffers aansienlik leër gaan wees.

Die Griekse woord vir kerk is *Ekklesia* en beteken om uitgeroep te wees vir 'n bepaalde doel. Dit het tyd geword dat Christene as uitgeroepenes leef; 'n leefwyse wat hulle duidelik sal onderskei van die wêreld. Om Kersfees te vier, al probeer ons om onself te regverdig deur daarvan 'n Christenfees te wil maak, onderskei ons nie van die wêreld nie. Die oorsprong is 'n heidenfees wat ons probeer 'n Christenkarakter gee.

Wat staan ons as Christene dan te doen ten opsigte van die viering van Kersfees? Hou op om hierdie fees te herdenk en dit 'n Christenfees te noem! Hou op om deel te wees en deel te neem aan al die gebruike en tradisies van hierdie dag. Laat ons ook ons kinders opvoed in hierdie waarheid.

Die 25 Desember gaan egter as vakansiedag op ons kalender bly. Laat ons as Christene dit dan maar eerder vier as 'n dag waar familie en vriende saam kan wees in dankbaarheid vir God se liefde vir ons, en ons liefde vir Hom en vir mekaar. Kom ons neem as Christene standpunt in en verkondig die waarheid aan 'n wêreld wat verlore gaan.

En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak – Joh. 8:32

God Die Vader het vir ons sewe feeste gegee om deur die jaar te vier. Hierdie feeste word in Levitikus 23 en ander ooreenkomstige Skrifte uiteengesit. Al hierdie feeste is 'n heenwysing na God se totale reddingsplan van herstel en is ewige instellings. Waarom verwaarloos Christengelowiges hierdie feeste en maak so 'n ophef van Kersfees wat 'n heidense oorsprong het en vol heidense gebruike is? Die ingestelde feestye van die Here is die geleentheid om jaarliks 'n ontmoeting met God te hê. Waarom wil ons dan Kersfees vier terwyl God vir ons sewe ander feeste gegee het om te vier?

In 2 Kon. 17:33 lees ons van die aanklag teen Israel, naamlik dat terwyl hulle die Here dien, dien hulle ook hulle eie afgode. Is hierdie aanklag dalk vandag ook op die oorgrote meerderheid van die liggaam van Christus van toepassing?

Ken jy die waarheid en leef jy die waarheid?

Is Jy Bereid?

As Christengelowige behoort elkeen in die lig van die feite vervat in hierdie skrywe selfondersoek te doen. Die doel van hierdie skrywe is nie om jou te probeer oortuig of om jou te oordeel nie, maar bloot om feitelike inligting oor te dra. Die Heilige Gees is die een wat ons oortuig van die waarheid. Daarom is dit aan te beveel om biddend voor God te gaan indien jy nog enige onsekerheid in jou hart aangaande die viering van Kersfees het.

Ondersoek jouself en maak seker dat jy nie jou eie geregtigheid oprig nie (Rom. 10:2 en 3). Maak seker dat jy volgens alles wat jy dink, sê en doen deur God geregverdig verklaar kan word. Alleenlik wanneer jy aan God se geregtigheid voldoen, kan jy die geregtigheid van God in Jesus Christus wees (2 Kor. 5:21).

Uit eie ervaring kan ek getuig dat hierdie waarhede aanvanklik ontstellend en verwarrend was. Vrae soos wat om vir familie en vriende te vertel, en wat gaan ons voortaan op Kersdag doen wanneer feitlik die hele wêreld Kersfees vier, het opgeduik. Uiteindelik was dit die waarheid wat vrygemaak het. Saam met hierdie vryheid het God se vrede en rus gekom.

Is jy bereid om standpunt in te neem en te weier om Kersfees te vier? Sien jy kans om hierdie waarheid te verkondig al kan dit moontlike vervolging en verwerping beteken? Nog belangriker, is jy bereid om by God vergifnis te vra vir die feit dat jy deel was van hierdie misleiding? Laat ons nooit God se opdrag aan sy kinders vergeet nie, naamlik:

*Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.
1 Pet. 1:15 en 16*

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom.
Johan.

E-pos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Ander artikels in die verband kan egter ook afgelaai word by:

http://nuweliëd.info/?page_id=338